Woensdag **26 Junie**

**Leef die nuwe lewe: In die lig**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-14; Handelinge 19:11-20**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:8, 9 (AFR83/2020)**

Daar was in Efese ’n donker onderwêreld van towery, duiwelbeswerings, heksery, mediums en spiritiste. Daar was ’n baie winsgewende industrie rondom die verkoop van boekrolle vol towerspreuke, towerwoorde, ensovoorts. Heelwat mense wat daar in Efese gelowiges geword het, het op ’n stadium hulle towerboeke in die publiek verbrand. Hulle het uit die donker in die lig getree.

Toorkuns en heksery is nog volop in ons tyd. Daar is ook ’n donker onderwêreld in Suid-Afrika. As Christene bring ons dit wat in die donker is, aan die lig, as ons leef in die lig en God se lig uitstraal. ’n Baie belangrike vraag wat ons dus moet vra, is: “Hoe moet ek lig wees in ’n donker wêreld vol onreg en leuens?”

Die apostel leer ons hoe. Hy begin deur vir ons te wys dat ons wesenlik anders is as wat ons was. Die Here Jesus het ons uit die donker na die lig gebring (Ef. 5:8). Nou moet ons ook lewe in die lig as mense van die lig. Dit wat goed, reg en waar is moet van ons uitstraal, soos ligstrale (Ef. 5:9). Eintlik kan ons dit nog beter sê: Die Here is die bron van alles wat goed, reg en waar is en ons is die weerkaatsing daarvan in hierdie wêreld.

- “Goed” beteken hier om iets van waarde te doen vir iemand anders. Jy doen iets moreel goed.
- “Reg”, soos dit in hierdie vers gebruik word, dui op geregtigheid. Dit is daardie dinge wat in lyn is met God se standaard van geregtigheid en regverdigheid.
- “Waarheid” beteken hier dit wat ooreenstem met die realiteit. God se waarheid.

Hier is my en jou oproep vir hierdie week: Leef in die lig – soek na dit wat God sê goed, reg en waar is en doen dit! So bring ons dit wat in die donker is, aan die lig.

*Sing: Psalm 89-1:7, 8*

*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff Reinet)*